education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

REKENINGKUNDE

GRAAD 12

JUNIE 2021 – V2

PUNTE: 150

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en ‘n 10 bladsy antwoordboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar moontlik toon berekeninge tot eerste desimale punt.
7 Skryf netjies en leesbaar.
8. ‘n FORMULEBLAD van die finansiële aanwysers is aan die einde van die vraestel ingesluit. Jy kan daarvan gebruik maak indien nodig.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYDSGIDS
1	Debiteureversoening, ouderdomsontleding en interne kontrole	35	25
2	Vaste bates	30	20
3	Voorraadwaardasie	40	35
4	Vervaardiging	45	40
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: DEBITEUREVERSOENING EN INTERNE KONTROLE

(35 punte; 25 minute)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Oninbare skulde word in die Debiteurejoernaal geboekstaaf.

1.1.2 Die totaal van die Debiteurekontrolerekening moet gelyk wees aan die totaal van die debiteurelys.

1.1.3 Rente op oortrekking vorm deel van bankkoste. (3)

1.2 **REBECCA HANDELAARS**

Rebecca Handelaars verkoop goedere vir kontant en op krediet.

GEVRA:

Bestudeer die inligting wat verskaf is en beantwoord die vrae wat volg:

1.2.1 Bereken die korrekte slotsaldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Mei 2020. (6)

1.2.2 Stel 'n Debiteurelys op 31 Mei 2020 op. (14)

INLIGTING:

A. Die saldo van die Debiteurekontrolerekening op 31 Mei 2020 is R162 200.

B. Saldo's per Debiteuregrootboek op 31 Mei 2020:

A. Adams	R45 400
B. Brewer	R51 200
C. Conradie	R38 000
D. Dlamini	R10 300
TOTAAL	**R144 900**

C. Die volgende foute en weglatings moet reggemaak word:

(a) Die totaal van die Debiteurejoernaal is met R4 500 te veel opgetel.

(b) Voorraad verkoop op krediet aan D. Dlamini is verkeerdelik in die rekening van B. Brewer geboekstaaf, R6 400.

(c) 'n Faktuur uitgereik aan C. Conradie vir R7 400 is nie in die boeke van Rebecca Handelaars geboekstaaf nie.

(d) 'n Faktuur uitgereik aan D. Dlamini vir R4 500 is as 'n terugsending in sy rekening hanteer.

Kopiereg voorbehou

(e) B. Brewer koop goedere vir R16 600 aan. Geen inskrywings is hiervan gemaak nie.

(f) Goedere op krediet verkoop aan C. Conradie vir R8 900 is korrek in die Debiteurejoernaal geboekstaaf, maar in die rekening van C. Conradie in die Debiteuregrootboek as R9 800 oorgeboek.

(g) 'n Kontantverkoopstrokie vir R4 700 is korrek in die Kontant-ontvangstejoernaal geboekstaaf en oorgeboek na die krediet-kant van A. Adams se rekening.

1.3 **MEINTJIES HANDELAARS**

Jy word voorsien van die debiteure-ouderdomsontleding op 30 April 2020. Die kredietterme is 30 dae.

GEVRA:

1.3.1 Verduidelik hoe 'n debiteure-ouderdomsontleding kan help met die interne kontrole oor debiteure. (4)

1.3.2 Bereken die persentasie van die totale debiteure wat die kredietterme oorskry. (4)

1.3.3 Verduidelik EEN probleem (met bedrae) met betrekking tot ELK van die volgende debiteure:

- J Jim
- N Nosi (4)

INLIGTING:
DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING OP 30 APRIL 2020:

	KREDIET-LIMIET	BEDRAG VERSKUL-DIG	HUIDIGE MAAND	30 DAE	60 DAE	90 DAE
	R	R	R	R	R	R
P. Piet	6 000	3 700	1 700	2 000		
J. Jim	15 000	18 000	15 000	3 000		
T. Tello	5 800	3 300		3 300		
N. Nosi	20 000	18 500	500		7 000	11 000
K. Kabi	5 000	1 500	1 500			
		45 000	18 700	8 300	7 000	11 000
		100%	**?**	**?**	**?**	**?**

35

VRAAG 2: VASTE BATES EN BEREKENINGE (30 punte; 20 minute)

Jy word verskaf van inligting wat geneem is uit die boeke van Tiqua Bpk. vir die jaar geëindig 31 Maart 2020.

GEVRA:

2.1 Bereken die waardevermindering op voertuie vir die jaar. (7)

2.2 Bepaal die datum waarop die Opel-voertuig aangekoop is. (4)

2.3 Bereken die verlies met die verkoop van die skootrekenaar op 30 November 2019. (8)

2.4 Waarom stem jy nie saam met die optrede van J. Jonny, die direkteur, om die skootrekenaar sonder toestemming te koop nie? Gee TWEE redes om jou antwoord te ondersteun. **Verwys na A (ii).** (4)

2.5 Grond en geboue is vier jaar terug aangekoop vir R4 000 000. Die pryse van eiendomme het sedertdien met 25% gestyg. Die direkteure wil die waarde van hierdie bate na R5 000 000 verhoog en as 'n wins van R1 000 000 in die finansiële state aantoon.

2.5.1 Watter AARP-beginsel is van toepassing? (1)

2.5.2 Watter raad sal jy as onafhanklike ouditeur gee? Verskaf TWEE punte. (4)

2.6 Hoe gaan jy verifieer of alle bates in die bateregister aangeteken is? (2)

UITTREKSEL UIT DIE BALANSSTAAT OP 31 MAART 2020	
	R
Grond en geboue	4 000 000
Voertuie	?
Toerusting	660 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 April 2019)	?
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 April 2019)	178 000

UITTREKSEL UIT VOERTUIEREGISTER			
Waardeverminderingsmetode – 20% p.j. op kosprys			
Item	**Volkswagen**	**Toyota**	**Opel**
Aankoopprys	R120 000	R360 000	R420 000
Aankoopdatum	1 Desember 2014	31 Oktober 2016	**?**
Opgehoopte waardevermindering op 1 April 2019	R104 000	R174 000	R63 000
Waardevermindering vir 2020	?	?	R84 000

UITTREKSEL UIT DIE VASTEBATEREGISTER		
***Item**: Kalula Skootrekenaar* ***Datum aangekoop**: 1 Julie 2017* ***Kosprys**: R36 000* ***Waardeverminderingmetode**: 20 % p.j. op verminderdesaldo-metode*		
DATUM	**HUIDIGE WAARDEVER-MINDERING**	**OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING**
30 Maart 2018	R5 400	R5 400
30 Maart 2019	R6 120	R11 520
30 September 2019	?	?

A Vaste Bates

(i) Geen nuwe voertuie is gedurende die finansiële jaar aangekoop nie. Waardevermindering op voertuie word teen 20 % p.j. op die kosprys afgeskryf.

(ii) Op 30 September 2019, het J Jonny, een van die direkteure, die skootrekenaar vir sy dogter kontant gekoop vir R3 000. Geen toestemming is deur die raad van direkteure gegee nie. Die relevante bladsy uit die Vastebateregister word hierbo verskaf. Geen inskrywings is in terme van die bateverkope gemaak nie.

30

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE, INTERNE KONTROLE EN PROBLEEM-OPLOSSING. (40 punte; 35 minute)

3.1 Gee EEN term vir die volgende beskrywings deur een woord/term te kies uit die lys wat verskaf is. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Eerste-in-eerste-uit (EIEU); deurlopende voorraadstelsel, periodieke voorraad-stelsel; geweegdegemiddelde-metode, spesifieke Identifikasiemetode

3.1.1 Hierdie voorraadsisteem is geskik vir lae koste produkte wat in grootmaat aangekoop word.

3.1.2 Hierdie metode van voorraadwaardasie ken ’n unieke waarde aan elke voorraaditem toe.

3.1.3 Die metode neem aan dat alle voorraad in die volgorde van aankope verkoop word. (3)

3.2 **LYNN WINKELS**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Lynn Winkels. Die onderneming verkoop een tipe leerskoen. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2020. Die onderneming gebruik die geweegdegemiddelde-metode vir voorraadwaardasie, asook die periodieke voorraadstelsel.

GEVRA:

3.2.1 Bereken die waarde van die slotvoorraad op 29 Februarie 2020 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (7)

3.2.2 Bereken die volgende vir die jaar geëindig op 29 Februarie 2020:

- Koste van verkope
- Bruto wins (6)

3.2.3 Bereken die vermiste eenhede voorraad op 29 Februarie 2020. (4)

3.2.4 Bereken die gemiddelde tydperk van voorraad voorhande (in dae) op 29 Februarie 2020. (5)

3.2.5 Bereken die waarde van die slotvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik. (5)

INLIGTING:

A. Voorraad:

Datum	Pare skoene	Totale waarde (vraggeld ingesluit)
1 Maart 2019	520	R320 770
29 Februarie 2020	325	**?**

B. Aankope:

Datum	Pare skoene	Kosprys per paar	Totale aankope	Vraggeld per paar	Totale koste (vraggeld ingesluit)
		R	R	R	R
31/05/2019	460	650	299 000	18	307 280
01/08/2019	700	680	476 000	18	488 600
15/10/2019	500	710	355 000	30	370 000
01/02/2020	300	725	217 500	30	226 500
TOTAAL	1 960		1 347 500		1 392 380

C. Terugsendings:
Dertig paar skoene wat op 1 Februarie 2020 aangekoop was, is nie van hoogstaande gehalte nie en is aan die verskaffer teruggestuur. Die onderneming se rekening is met R22 650 gekrediteer (dit sluit vraggeld in soos ooreengekom).

D. Verkope:
2 115 pare leerskoene is gedurende die finansiële jaar vir R2 961 000 verkoop. Die verkoopprys is konstant teen R1 400 per paar gehou.

3.3 PROBLEEMOPLOSSING

Jy word voorsien van inligting in verband met drie denimwinkels in Bloemfontein, met verskillende eienaars. Elke winkel het vloerspasie van 150m^2.

GEVRA:

3.3.1 Identifiseer EEN probleem in winkel 1 en EEN probleem in winkel 2. Haal bedrae aan. Gee in elke geval ook EEN punt van advies. (6)

3.3.2 Verduidelik TWEE goeie besluite wat Roy gemaak het in verband met winkel 3. Haal bedrae aan. (4)

Inligting per winkel vir Desember 2019:

	WINKEL 1	WINKEL 2	WINKEL 3
Bestuurder	Jan	William	Roy
Verkope	R220 000	R240 000	R960 000
Terugsendings deur klante	R7 000	R48 000	R9 600
Winsopslagpersentasie	80%	50%	60%
Tydperk voorraad voorhande	190 dae	30 dae	30 dae
Advertensie	R14 000	R7 200	R48 000
Huur uitgawe	R30 000	R20 000	R80 000
Dae gewerk per week	6	5	7
Winkelassistente	4	2	6

40

VRAAG 4: VERVAARDIGING (45 punte; 40 minute)

4.1 MOKKIE VERVAARDIGERS

Manie Mokoatsi is die eienaar van Mokkie Vervaardigers, 'n onderneming wat sweetpakke vervaardig. Die finansiële jaar eindig op 29 Februarie 2020.

GEVRA:

4.1.1 **Verwys na inligting C:** Bereken die direkte arbeidskoste (5)

4.1.2 **Verwys na inligting D:** Berei die korrekte nota vir die fabrieksbokoste voor. (18)

4.1.3 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 op. (8)

INLIGTING:

A.

VOORRAADSALDO'S	29 Februarie 2020	1 Maart 2019
Goedere-in-bewerking	R92 150	R55 600
Indirekte materiaal	R2 200	R1 900

B. Grondstof aan die fabriek uitgereik vir produksie: R755 000.

C. Vyf werkers is in diens geneem vir produksie. Hulle werk elkeen 1 860 ure normale tyd per jaar teen R90 per uur. In Desember 2019 het elke fabriekswerker 'n bonus ter waarde van 15% van hul jaarlikse verdienste ontvang.

D. Die boekhouer hou die volgende rakende fabrieksbokoste voor:

Diverse fabrieksuitgawes	R24 925
Indirekte materiaal aangekoop	41 300
Water en elektrisiteit	40 020
Huuruitgawe	125 000
Salaris van fabrieksvoorman	97 150
Versekering	18 850
Advertensies	10 500

Die volgende foute is opgemerk:

- 60% van die water-en-elektrisiteitsrekening is aan die fabriek toegewys, terwyl dit 80% moes wees.
- Die bedrag vir huur uitgawe is die totale bedrag wat betaal moes word. Huur moet in die verhouding 5:2:1 verdeel word tussen die fabriek, verkope en administratiewe afdelings.
- Die fabrieksvoorman was op betaalde verlof in Februarie 2020. Sy salaris vir Februarie is nie geboekstaaf nie. Die voorman het 'n maandelikse verhoging van R900 sedert 1 Januarie 2020 ontvang.
- Die bedrag betaal vir versekering is die totale bedrag wat betaal is. Dit sluit die premie vir Maart 2020 in. Slegs 85% van die uitgawe moet aan die fabriek toegewys word. Daar was geen verhoging in die maandelikse premies nie.

Kopiereg voorbehou

4.2 **SUZIE SE WINKEL**

Suzie Simanga besit ’n klein onderneming wat vleispasteie en oliebolle lewer.

Waar kommentaar/verduidelikings hieronder gevra word, haal syfers, eenheidskoste of finansiële aanwysers aan om jou opinies te staaf.

GEVRA:

4.2.1 Identifiseer EEN veranderlike koste met bedrae vir die oliebolle en EEN veranderlike koste, met bedrae vir die vleispasteie, wat aantoon dat daar groot probleme in 2020 was. Neem in ag dat inflasie 6% was. Identifiseer ook EEN vaste koste, met bedrae, vir vleispasteie. Vir elke eenheidskoste wat geïdentifiseer is, gee ook 'n moontlike oplossing vir die probleem. (9)

4.2.2 Suzie is bekommerd oor die finansiële prestasie van die onderneming, asook die feit dat ’n mededinger sy deure in die area geopen het.
- Noem die produk wat negatief beïnvloed is deur die nuwe mededinger.
- Lewer kommentaar oor hoe dit die netto wins van die produk beïnvloed het. (5)

INLIGTING	OLIEBOLLE		VLEISPASTEIE	
	2020	2019	2020	2019
	Eenhede	Eenhede	Eenhede	Eenhede
Totale eenhede geproduseer en verkoop	55 000	51 000	35 000	45 000
Gelykbreekpunt (eenhede)	21 667	24 074	36 400	18 200
	R	R	R	R
VERANDERLIKE KOSTE PER EENHEID	**5,00**	**4,30**	**8,30**	**5,85**
Direkte materiaalkoste per eenheid	1,95	2,05	4,60	2,20
Direkte arbeidskoste per eenheid	2,20	1,45	2,65	2,60
Verkoops- en distribusiekoste per eenheid	0,85	0,80	1,05	1,05
VASTE KOSTE PER EENHEID	**1,18**	**1,27**	**4,57**	**3,64**
Fabrieksbokoste per eenheid	0,67	0,78	3,40	2,50
Administratiewe koste per eenheid	0,51	0,49	1,17	1,14
	R	R	R	R
Suzie se verkoopprys per eenheid	8,00	7,00	12,40	10,80
Verkoopprys van mededinger	8,50	-	12,40	-

45

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedryfsbates **:** Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: * In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	